VERGADERINGS

Die volgende vergaderings vind plaas om 18:00

18 Feb	**Omgeebedieningsraad** (Kos- en klerekas, Omgeekantoor, Siekes, Funksies, Gebed, Begrafnisse, Finansiële Onhafhanklikheid, Omgeebussie, Barmhartigheid)
20 Feb	**Uitreikbedieningsraad** (Malawiërs, Nuwe lidmate, AJ Jacobs)
21 Feb	**Groepebedieningsraad** (Vollas, Mustangs, Jongmense Kinderkrans, Kinderkerk, Hoër- en Laerskooljeug, Katkisasie, Vroue)
25 Feb	**Erediensbedieningsraad** (Sanggroep, Lofprysing, Tee en Koffie, Multimedia, Kollekte, Interaktiewe Aanddiens)
27 Feb	**Adminbedieningsraad** (Webblad en Sosiale Media, Finansies, Terrein en Geboue, Rommel Fondsinsameling, Admin, Koster)

Die ouderlingvergadering vind plaas op 4 Maart 2019 om 18:00

VERJAARSDAE

17 Feb Breggie Saayman (Belydend)	0169712090
18 Feb Elna Kriel (Belydend)	0169768727
19 Feb Peet Coetzee (Belydend)	0798402070
21 Feb Annelien Kotze (Belydend)	0718712199
22 Feb Christo de Beer (Belydend)	0828003180

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

17 Februarie 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Tommy Bezuidenhout 0828866822
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK C

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Thusofonds

WOORDBEDIENING

Eksodus 20:13, Matt. 5:21-22, 43-48 (83 AV)
Fokus: Heidelbergse Kategismus Sondag 40

Tema: Omdat God alle lewe hoog ag, daarom mag en moet ek myself beskerm... maar op God se manier.

Inleiding:

- Ons leef in 'n tyd waar ons gereeld in die nuus hoor van aanvalle op mense se lewens.

A: Die sesde gebod gaan oor beskerming van lewe en respek vir lewe.

- 'n Korrekte vertaling van Eks 20:13 is eintlik: *Jy mag nie iemand wederregtelik doodmaak nie.*
- Hoekom gee God die 6de gebod: Omdat alle lewe vir Hom kosbaar is.
- Hoekom is mense lewens kosbaar vir God?
    - Want alle mense is na die beeld van God geskape, en het selfs na die sondeval iets van die beeld van God behou (Gen. 9:6).
    - Dit is God se reg om lewe te gee en lewe te neem (Deut. 32:39, Ps. 104:29-30)
- Jesus leer dat selfs die dinge wat aanleiding gee tot moord, heimlike moord is (Matt. 5:21).
    - Johannes leer dieselfde, en rig 'n ernstige waarskuwing oor moord (1 Joh. 3:15).
- Jesus verbied ook skeldname en haatspraak en ontering van jou naaste, want dit is karaktermoord. (Matt. 5:22).
- Dit gaan in die sesde gebod ook oor die positiewe, naamlik dat ons lewe moet beskerm en moet respekteer.
    - Daarom leer Jesus ons dat ons ons naaste moet liefhê. (Matt. 22:37-39).
    - Die Heilige Gees help ons om in liefde met ons medemens te leef, en mekaar se lewens te respekteer. (Gal. 5:22-23).

B: Ons mag en ons moet onsself beskerm.

- Omdat my lewe, en elkeen in my gesin se lewe vir God uiters kosbaar is, daarom mág ek nie net myself verdedig nie, maar móét dit ook doen.

- Praktiese riglyne hoe ek myself en my gesin se lewe kan beskerm.

C: Ons moet selfs die lewe van ons aanvallers so vêr as moontlik beskerm.

- Alle lewe is vir God kosbaar, selfs die lewe van ons aanvallers.
- Jesus leer ons selfs om ons vyande lief te hê, en vir hulle te bid (Matt. 5:43-44).
- Praktiese riglyne hoe ek my aanvaller se lewe so vêr as moontlik kan beskerm.

MANNE-ONTBYT – GK VEREENIGING

Die Gereformeerde Kerk Vereeniging bied n manne-ontbyt aan. Die is 'n hoogtepunt op ons kerkkalender. Die manne word bederf met koffie en beskuit by hulle aankoms. Dis ook 'n belewenis as die klomp manne in die kerk gaan saamsing. Daarna is daar 'n baie insiggewende praatjie deur prof. Henk Stoker 'n kenner op die gebied van vals profete en sektes wat vandag oral kop uitsteek. Die heerlike ontbyt en gesellige samesyn en kuier volg hierna.
Die Manne-Ontbyt vind plaas op:

23 Februarie 2019 ; 7:30 vir 8:00 (Ontbyt om 10:00)
Plek: Thames Rylaan 18, Drie Riviere
Die gasspreker is **prof. Henk Stoker**
Sy onderwerp: **VALS CHRISTUSSE EN VALS PROFETE**
R150 per persoon

CASA MIA GASTEHUIS BIED SPESIALE HUISVESTING AAN VIR SENIOR BURGERS

Daar is 'n groot behoefte aan veilige en bekostigbare kwaliteit huisvesting vir senior burgers. Die teikengroep is selfstandige, gesonde en selfversorgende persone onder 70 jaar.

Luukse kamers, elkeen met 'n eie badkamer, is beskikbaar in 'n veilige kompleks. Casa Mia beskik oor elektriese toegangshekke met afstandbeheer. Daar is genoeg veilige parkeerplek. Elke kamer is toegerus met gratis Wifi, DSTV, 'n kluis, yskas, mikrogolfoond en 'n eie buitedeur na die tuin toe. Smaaklike, gebalanseerde ontbyt en aandetes word verskaf. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.

Inwoners is welkom om in die pragtige en rustige tuin te ontspan asook om van die beskutte verandas gebruik te maak. Yslike groot bome met tuintafels en stoele dra by tot die ontspanne atmosfeer.

Besoek ons gerus gedurende kantoorure en kom kyk hoe dit hier lyk.

Vir enige verdere inligting kontak Alida of Desiré by 016 976 7125 gedurende kantoorure.